As tieners die kerk begin nodig kry

LOUIS VENTER

Louis Venter bespreek hier 'n paar tegnieke vir die hantering van die besondere uitdagings wat tieners aan die kerk bied. Louis is jeugwerker by Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk.

Tiener-lidmate bied aan die kerk 'n besondere uitdaging. Eerstens dwing hulle die kerk tot selfondersoek oor die effektiwiteit van hul bediening, andersins het hulle die potensiaal om 'n baie vrugbare arbeidsveld te wees. Dit is veral so wanneer 'n tiener-lidmaat sekere probleme openbaar en meer intensiewe sorg van die gemeente nodig het. Dis iets wat ons nie altyd met ewe veel sukses hanteer nie.

Die kerk is egter nie die enigste een wat foute maak nie. Tieners self speel dikwels 'n ingewikkelde spel wat sekere uitdagings aan die integriteit van ons bediening stel. As hierdie spel verkeerd verstaan word, het dit die potensiaal om 'n spul swakhede in stand te hou. Dié swakhede weerhou die tiener-lidmaat op die ou einde van volwassenheid in sy of haar geloofslewe. Berne het 'n paar speletjies geïdentifiseer waarvan die mees algemene hier bespreek word. ('n Vrye vertaling van sy terme word hier gebruik.)

Die spel van behoeftigheid

Hierdie spel word gespeel deur die tiener-lidmaat wat oënskynlik meer intensiewe aandag nodig het, maar nie regtig ernstig oor die hulpverlening is nie. Die tiener se probleem word die middelpunt van sy of haar bestaan. Wanneer die probleem dan opgelos word, verdwyn die rede vir sy of haar spesiaal-wees. Hulle maak daarom gebruik van elke vorm van hulpverlening wat die kerk aan hulle gee, maar neem nooit die stappe wat nodig is om die hulp hulle eie te maak nie. Die aksie van hulp soek en betrokke raak by hulpverlening word 'n rede vir hul eie uniekheid en daarom wil hulle nie daarvan afstand doen nie.

'n Formele manier van hulpverlening in die gemeente versterk baie keer hierdie spel, aangesien so 'n tipe lidmaat soms ook die predikant of jeugwerker goed kan laat voel oor sy/haar hulp wat konstant benodig word. Die benadering wat die beste met hierdie soort spel werk, blyk een van konstruktiewe konfrontasie te wees, en waar moontlik die weerhouding van voordele van so 'n lidmaat. Daar moet veral gekyk word na wat in die struktuur van die kerk die tiener help om sy/haar verantwoordelikhede te vermy, wat sy/haar swakhede versterk en wat veroorsaak dat dit nie aangespreek word nie.

Die spel van die plaaswerker

In hierdie spel maak die tiener almal se taak moeilik deur die rol in te neem van die onkundige leek wat absoluut oorweldig is deur die kennis van die volwassene wat aan hom hulp verskaf. Die houding wat die tiener inneem, verseker dat die volwassene gevlei voel

en op 'n manier verantwoordelik begin voel vir die tiener se welstand. So lank as wat die volwassene sy/haar kennerskap kan volhou en al die antwoorde het, klou die tiener vas aan sy/haar insigte. Dit is egter nie die uiteinde van die spel nie. Die tiener sal dan onbewustelik 'n "swakheid" in die mondering van die werker soek, wat dan as 'n verskoning sal dien waarom hy/sy nie positief gereageer het op die hulp wat aan hom gegee is nie. Die troontjie waarop die volwassene gesit is, word deur die tiener gekantel. As die tiener eers die volwassene in die posisie van ongelooflike kenner op die betrokke gebied gesit het, kan die tiener die fondasie onder die volwassene uitruk en hom/haar die skuld gee vir die tiener se onvermoë om te groei.

Die manier waarop hierdie spel gekeer word, volg nadat 'n mens eers bepaal het of die tiener hierdie spel doelbewus of onskuldig speel. As dit onskuldig gespeel word, behoort die volwassene die spel saam te speel totdat die tiener se hanteringsmeganismes so ontwikkel is dat hy/sy self besluite kan neem en kan redeneer. Wanneer hierdie spel doelbewus gespeel word, moet die volwassene aanhoudend weier om raad te gee. Wanneer die tiener kla oor die volwassene se passiwiteit, behoort die implikasie van die spel wat hy speel, veduidelik te word.

Die spel van onnosel-wees

Hierdie spel sal veral gespeel word deur tieners vanuit 'n depressiewe situasie. Hier maak die tiener ruim gebruik van enige etikette wat om sy/haar nek hang. Die feit dat hy/sy onder een of ander swakheid geklassifiseer kan word, gee aan die tiener 'n identiteit. Die tiener tree op so 'n manier op dat hy/sy die volwassene wil dwing om 'n sekere etiket om syhaar nek te hang, aangesien die tiener weet hoe om in die raamwerk van hierdie etiket op te tree.

Die manier waarop hierdie weerstand geantwoord word, is nie om aan die tiener 'n feitelike weerlegging te gee van die etiket wat gekies is nie. Dit is 'n moeilike spel waaraan die volwassene nie moet meedoen nie. Die gemeente kan eerder vir die tiener take in die gemeente gee wat die fokus van die tiener se "swakheid" afhaal en op 'n bereikte prestasie vestig.

Die houtbeen-spel

Hierdie is baie dieselfde as bogenoemde, maar in hierdie spel fokus die tiener die aandag op die probleem en vra dan die vraag: "Maar wat kan jy verwag van iemand wat so 'n probleem het?" Die verwagte reaksie is dan dat die tiener vrygeskeld word van sy/haar swak gedrag, bloot omdat dit verstaanbaar is dat hy/sy dit openbaar. Daar mag nie gevra word op watter manier hy/sy bo die gebrek uitstyg nie, want dit sou onsensitief wees ten opsigte van die tiener se moeilike lewe. 'n Moelike tiener sal sy/haar ouers se egskeiding gebruik om aan te dui dat hy/sy geregtig is op hierdie "outacting" gedrag wat nou geopenbaar word. Die skuld en verantwoordelikheid van die probleemgedrag word vierkantig op die skouers van moeilike omstandighede gelê.

Die manier waarop hierdie spel hanteer moet word, is om die persoon aan sy/haar eie toewyding te hou en nie met 'n konfrontaterende aard in te tree nie. Geen harde konfrontasie of versorging gaan hierdie tiener laat verander nie, maar wat wel sal werk is om die onus op hom/haar te plaas wel. Berne maak die interessante opmerking dat 'n mens terug moet vra: "Wat verwag jy van jouself?" en dan die tiener genoeg kans gee om te antwoord: "Enige iets van ses weke na ses maande."

EK IS OORTUIG DAT AS ONS HIERDIE SPELETJIES GEBRUIK KAN ONS DIE UITDAGINGS WAT TIENER-LIDMATE AAN ONS STEL, SUKSESVOL DIE HOOF BIED.